ated there. It actively participates in the improvement of the central city district in partnership with other parties who are permanently present in the area.

Acting appointments

The following members of the Johannesburg Bar were appointed acting judges in the Witwatersrand Local Division in the first part of 1999:
VI Maleka, E du Toit SC, WL Wepener SC, WHG van der Linde SC, PH Robinson SC, A Kruger , DH Soggot SC, SJ du Plessis SC, JJ Wessels SC, GM Makhanya, G Farber SC, AN Goodman SC.

Recreational activities

On the recreational front, members participated in the annual Golf day on 17 April. Best veteran of the day was John Roos, best gross was Peter van Blerk SC, best nett was Jan Rousseau and best betterball were Roos and Rousseau. The event was well attended and involved a great lunch at Killarney.

Members of the Johannesburg Bar also participated in the Investec Relay which took place on 25 April.

Ciskei

contributed by T V Norman Bisho

There has been an increase in the number of pupils at the Bisho Bar over the past year and this is reflected by the February 1999 enrolment of the following pupils: Phathizizwe Mastermind Dukada, Sam Swartbooi, Ronald Mtunzi Ndima, and Chuma TS Cossie.

The Bar wishes them every success with their pupillage.

Noord-Kaap

bygedra deur J B Erasmus Kimberley

Regbank

TK Gura, 'n prokureur van Mafikeng, en CP Rabie SC van die Pretoriase Balie, het beide vanaf 25 Januarie tot 28 Maart 1999 waargeneem as regters in hierdie afdeling. Regter-president Kriek het aan die begin van die tweede termyn sy werksaamhed hervat na sy langverlof.

Balieraad

Op die algemene jaarvergadering van die Noord-Kaapse Vereniging is Lacock SC herkies as voorsitter en dit is vanjaar sy elfde termyn in hierdie amp. Olivier is herkies as ere-sekretaris en Botha is verkies as ondervoorsitter.

Lede

Lacock SC het homself onlangs op die gebied van die boerdery begeef met die aankoop van 'n pragtige wildplaas 'n paar kilometer buite Kimberley. Sonder stampe en stote het hy egter nie afgeskop nie, aangesien 'n paar veldbrande 'n gedeelte van die plaas afgebrand het kort nadat hy dit gekoop het. Die afgelope tyd is Lacock minder dikwels deur sy kollegas by sy kamers gesien as tevore. Ons verstaan egter uit betroubare bronne dat luukse geriewe reeds vir jagters ingerig is.

Marais, wat voorheen lid van hierdie Balie was, het haar weer as lid by die Balie aangesluit en sy sal voortaan op Upington as lid van die Noord-Kaapse Vereniging praktiseer.

Sosiaal

Dit neem klaarblyklik 'n hele tydjie in beslag vir die lede van die Kimberley Balie om te herstel na die somervakansie, want op sosiale gebied is daar die afgelope tyd 'n ongekende droogte beleef.

On 25 February 1999, however, the newly appointed Judge Kgomo and his wife were formally welcomed by the Kimberley Bar during a dinner. It was a very pleasant evening enjoyed by everyone and the positive spirit of co-operation between Judge Kgomo and the members of the Bar is already evident.

Vrystaat

bygedra deur Ilse Potgieter Bloemfontein

Lede en pupille

Dirk Kotzé en Jaco de Vries het die Balie verlaat. De Vries het hom by die Kaapse Balie aangesluit en dit bring die aantal lede van die Vrystaatse Balie op 45 te staan, aangesien daar geen nuwe toevoegings tot die Vereniging sedert Junie 1998 was nie. Tans is daar ook net een pupil wat besig is met sy pupilskap.

Acting appointments

During the second term of 1999 Mr JC Pretorius, former attorney and doyen of the attorneys' profession in Bloemfontein, was appointed as acting judge from 25 January – end April 1999.

Sosiale nuus

Benewens die afskeidsgeselligheede wat gehou is vir twee van die lede, De Vries en Kotzé, is daar ook op 18 Maart 1999 ooreenkomstig die gevestigde tradisie, 'n skemerkelk-afskeidsfunksie aangebied ter ere van regter JW Edeling met sy uittrede as regter van die Vrystaatse Provinsiale Afdeling.

Pretoria

bygedra deur Bill Prinsloo SC Pretoria

Acting appointments

Since the last issue appeared in March 1999 the following members of the Pretoria Bar held acting appointments in the Transvaal Provincial Division: NJ Coetzee SC, BC van den Heever SC, FJ Jooste SC, RJ Raath SC and TJ Kruger SC.

Nuwe Balieraad

In die vorige uitgawe is gerapporteer oor die wysiging van die Vereniging se grondwet om voorsiening te maak vir 'n groter Balieraad wat minstens vier swart lede sal insluit as deel van die voortgesette transformasieproses.

Na afloop van sy Algemene Jaarvergadering aan die einde van Februarie 1999 het die Vereniging die volgende nuwe Balieraad verkies: